# Uitklophou in sportfotografie

VANDERBIJLPARK. - Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging se maandtema vir Junie was *Sport* en die klublede het behoorlik tot aksie oorgegaan.

Vir sportfotografie moet fotograwe hul toerusting goed ken en Vaalweekblad se Elsje Vermeulen (4 Ster-fotograaf), het gewys dat sy weet hoe om sportfoto's te neem.

Haar foto ***Sting like a bee*** het die beoordelaars se goedkeuring weggedra en is as die wenfoto aangewys.

In die oop-afdeling waar enige foto vertoon mag word, is die senior-afdeling (4 en 5 Ster) deur Haig Fourie gewen met sy foto ***Songlans op naaldekoker***.

Haig is 'n makro-maestro en dié foto het ook 'n sertifikaat van meriete (COM) ontvang.

In die junior-afdeling (1 tot 3 Ster) is Nicolaas Louw se veelkleurige ***Lugballonne*** die wenfoto.

In die monochroom-afdeling (swart en wit fotografie) is 5 Ster-meester silwer-fotograaf, Hennie Karsten, se foto ***Twee oop vensters*** die wenfoto.

In die Visual Arts/composites-afdeling was dit weer Hennie wat die beste foto opgelewer het met ***Statue and man***. Hy het ook 'n sertifikaat van meriete verwerf.

Hennie sal in Augustus 'n kursus in *photoshop* aanbied waar kunsfotograwe by 'n meester kan leer hoe om saamgestelde foto's (composites) te verwerk. Inligting vir hierdie kursus en ander inligting kan by http://www.vdbp-photo.org/ gevind word.


Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-ouditorium in Vanderbijlpark. Klubaande vind op die derde Vrydagaand van elke maand plaas en begin om 18:30.

Die volgende klubbyeenkoms is op 20 Julie. Dit is die klub se jaareindbyeenkoms waartydens fotograwe die geleentheid het om hul 10 beste foto's van die afgelope jaar vir beoordeling aan te bied. Daar sal in elke Ster-gradering 'n wenner aangewys word, asook 'n algehele *Werker van die Jaar*.

Kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za vir navrae.


Die klub se opwindende, opgedateerde webtuiste kan by http://www.vdbp-photo.org/ besoek word vir foto's en berigte.

Besoek ook hul facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto's opgelaai word.


"Sting like a bee" van Elsje Vermeulen.


"Statue and man" van Hennie Karsten.


"Songlans op naaldekoker" van Haig Fourie.


"Lugbalonne" van Nicolaas Louw.


"Twee oop vensters" van Hennie Karsten.